Hoërskool McLachlan

Posbus 3
Joubertina
6410

☎ 042-273-1335
🖷 042-273-1210
info@hsmclachlan.co.za
www.hsmclachlan.co.za

NUUSBRIEF 08/02 2018

Geagte Ouers/Voogde

1. **Graad 9-buitelugklaskamer: Dinsdag, 13 Februarie:**
   Die leerders het vandag inligting in die verband ontvang. Vrywaringsvorms moet onderteken wees voordat u kind kan gaan.

2. **Vroeë skoolsluiting: Woensdag, 14 Februarie:**
   Die skool sal op Woensdag, 14 Februarie, om 11:30 sluit. Die personeel moet 'n werkswinkel te Port Elizabeth bywoon. Roetebusse vertrek om 11:35.

3. **Valentynsdans: Vrydag, 16 Februarie:**
   Graad 7- tot 12-leerders kom geniet op Vrydag, 16 Februarie, vanaf 19:00 tot 23:00 'n Oscar-aand vol "glitz & glamour" in die George McLachlansaal. Die kaartjies is by Marinda, Inus, Tarine, Kyla en Ruben te koop. Koste beloop R30 vir 'n enkelkaartjie en R50 per paartjie. Daar gaan 'n snoepie wees waar heerlike verversings te koop aangebied sal word.

   Pos jou briefie vir daardie spesiale iemand by Marinda en Inus (HS-leerders) en Lara en Quinton (LS-leerders) teen R5 en die Oscar Kupido's sal dit op Valentynsdag aflewer. Daar is vanaf Maandag, 12 Februarie, verskeie geskenkies (rose – R10, bekertjies – R10 en hartjie-sjokolades – R5) by die BK gedurende pouses in juf. Dalene se klas te koop.

   Ouers/voogde moet daarop let dat hierdie slegs `n dans vir McLachlan-leerders is. Geen leerders van ander skole of persone wat reeds uit die skool is, sal toegelaat word nie.

4. **Noodhulp:**
   Alle belangstellendes word uitgenooi om juffrou Marie te kontak indien hulle belangstel om 'n Vlak 1-noodhulpkursus by HS McLachlan by te woon. Die kursus kos R630 per persoon. Dit word aangebied van 26 – 28 Maart 2018, indien daar 'n minimum van 10 persone inskryf. Die diensverskaffer is Philani Training Development (suster Marline Theron).

5. **Eskom Expo vir jong wetenskaplikes:**
   Hiermee 'n vriendelike herinnering aan die Expo, wat vanjaar op 28 en 29 Augustus by die NMU-sportsentrum aangebied word. Kontak juffrou Marie Strydom dringend indien u kind dit oorweeg om deel te neem, aangesien 'n wetenskaplike ondersoek of ingenieursprojek baie tyd in beslag neem. Moedig asseblief die leerders aan om sover moontlik, self 'n ondersoekende

INTERNET GENERATION
igen
internet generation
Wireless Internet
www.igen.co.za

vraag / stuk apparaat, ens te bedink en te beplan. Hierdie tipe ondersoekende leer is uitstekende voorbereiding vir die grootmenslewe.

6. **ATKV-olimpiade:**
   U kind kan aan die Afrikaans Huistaal se olimpiade deelneem. Leerders van graad 7 tot 12 kan deelneem. Die belangstellendes moet hul name by die Afrikaansonderwysers ingee: Juff. Marietjie, Dalene en Alida.

   Sluitingsdatum: vir juniors: 4 September
   vir seniors: 22 Mei

   Koste per leerder: R45 per jr. leerder
   R50 per sr. leerder

7. **AKTV-Redenaars 2018:**
   Die temas is soos volg:

Graad 1 – 3: • goud • druppeltjies • miere	Graad 4 – 5: • smaak • vingers • drup
Graad 6 – 7: • Uurglas • Hoop • Teken	Graad 8 – 9: • Hekkies • Simbool • Tralies
Graad 10 – 12: • Agenda • Baan • Kluis	***BAIE BELANGRIK*** *Uit die tema moet 'n onderwerp geformuleer word wat 'n standpunt bevat en die standpunt moet aan die hand van argumente en bronne beredeneer word. Met ander woorde dit is 'n beredeneerde toespraak en nie 'n praatjie nie.*

   Koste: R185 per leerder
   Sluitingsdatum: 16 Februarie
   Gee jou naam by jou Afrikaansonderwyser in.

8. **ATKV-spelathon:**
   Enige leerder vanaf graad 6-12 is welkom om aan die ATKV-spelathon deel te neem. Ouers wat korrekte spelling by hul kinders wil bevorder, moet asseblief hul kinders aanmoedig om deel te neem.
   Inskrywingsgeld per deelnemer: R100
   Sluitingsdatum: 24 Februarie
   Spellyste is op ATKV-webwerf beskikbaar by https://www/atkv.org.za Taal/Projekte/Spelathon vanaf 26 Februarie. Skryf by Afrikaansonderwyseresse in: Juff. Dalene, Marietjie en Alida.

INTERNET GENERATION
igen internet generation
Wireless Internet
www.igen.co.za

9. **<u>Sportnuus</u>**:

- <u>Uitslae: SOK</u>:
  Tydens die SOK het die atlete van Hoërskool McLachlan almal verras met hul pragtige prestasies en hul spog as wenners van die hoërskoolskild en laerskooltrofee. Wenners, wenners … die rede? Hoërskool McLachlan se atlete het spangees en daarom het elkeen individueel hul kant gebring om ons skool 'n wenner te maak. Die personeel is trots op julle.

  Die volgende spanbekers is verower:
  - Dogters 0/9 – 0/11
  - Dogters 0/13

  McLachlan se atletiekafrigters is ook baie trots op die besondere individuele prestasies:

D 0/9:	Beste atleet	Lea Cedras	80m
D 0/11:	Beste atleet	Ria-Mi Ferreira	GS
D 0/13:	Beste atleet	Faith Solomons	GS
S 0/15:	Beste atleet	Ruben Barnard	GS

  Die veelsydigste laerskoolatleet van SOK 2018 is vir die opeenvolgende jaar, Sanmari Potgieter.

  Ons sien uit om jul op die laerskool Koukamma-atletiekbyeenkoms in aksie te sien.

- <u>LS-krieket</u>:
  <u>Uitslae</u>:
  Die 0/11-span verloor teen VCS.

  Wedstryde vind volgende week soos volg plaas:
  0/11: Dinsdag, 13 Februarie: vs LS Jeffreysbaai (weg)
  0/13: Besonderhede sal nog bevestig word.

- <u>HS-krieket</u>:
  <u>Uitslae</u>:
  Die 0/19-span wen teen Wesetring.

  Die eerstespan speel op Woensdag, 14 Februarie, 'n wegwedstryd teen Lawson Brown.

- <u>Tennis</u>:
  Die hoërskoolmeisies speel op Dinsdag, 13 Februarie, 'n tuiswedstryd teen HS Paul Sauer.

- <u>LS en HS Koukamma-atletiekbyeenkoms</u>:
  Die laerskool en hoërskool Koukamma-atletiekbyeenkoms vind op onderskeidelik Vrydag, 9 Februarie, en Saterdag, 10 Februarie, plaas, soos uiteengesit in die spesiale nuusbrief van 6 Februarie.

INTERNET GENERATION
igen internet generation
Wireless Internet
www.igen.co.za

Bustye: Vrydag, 9 Februarie:

Misgund:	05:30
Louterwater:	05:45
Krakeelrivier:	06:00
Skool:	06:10
Ravinia:	06:20

Bustye: Saterdag, 10 Februarie:

Misgund:	05:00
Louterwater:	05:10
Krakeelrivier:	05:25
Skool:	05:40
Ravinia:	05:45

- Atletiek:
  Atlete wat tydens die Koukamma-Sonebyeenkoms eerste en tweede plekke in velditems asook eerste en tweede plekke in ‘n finaal van ‘n baanitem behaal, kwalifiseer om aan die Sarah Baartman-atletiekbyeenkoms deel te neem.

  Die Sarah Baartman-atletiekbyeenkoms vir laerskole vind op Vrydag, 16 Februrie, by die Westbourne Oval Port Elizabeth plaas.

  Die hoërskool Sarah Baartman-atletiekbyeenkomkoms vind op Vrydag, 23 Februarie, ook by die Westbourne Oval plaas.

  Let asseblief daarop dat die atlete tydens hierdie byeenkoms moet deelneem en ‘n kwalifiserende standaard móét behaal om aan die Oos-Kaap Kampioenskappe te kan deelneem. Die standaarde sal vandag, 8 Februarie, aan die atlete deurgegee word.

Botes Gresse
Skoolhoof: Hoërskool McLachlan
Posbus 3, Joubertina, 6410
Oos-Kaap, Suid Afrika
Tel: +27 (0) 42 273 1335
Cell: +27 (0) 82 578 3039
Fax: +27 (0) 42 273 1210

Hoërskool McLachlan

INTERNET GENERATION
igen internet generation
Wireless Internet
www.igen.co.za
McLachlan Internet Fasiliteit Borg